- (d) The local authority had limited the electricity supply to the erven to 500kVA. Should the registered owner/s of the erven exceed the supply or should an application to exceed such supply be submitted to the local authority additional contributions as determined by the local authority shall become due and payable by such owner/s to the local authority.

H.B. MAKHUBO

Deputy Director: Legal Administration

Notice No.140/2015

4 March 2015

**STAD VAN JOHANNESBURG
VERKLARING TOT 'N GOEDGEKEURDE DORP**

Ingevolge artikel 103 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986), verklaar die Stad van Johannesburg Metropolitaanse Munisipaliteit hiermee die dorp **Halfway Gardens uitbreiding 133** tot 'n goedgekeurde dorp onderworpe aan die voorwaardes uiteengesit in die meegaande Bylae.

BYLAE

VERKLARING VAN DIE VOORWAARDES WAAROP DIE AANSOEK GEDOEN DEUR TRANQUIL PEARL INVESTMENTS 1 (PROPRIETARY) LIMITED (HIERNA DIE DORPSEIENAAR GENOEM) INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN HOOFSTUK III VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE, 1986 (ORDONNANSIE 15 VAN 1986), OM TOESTEMMING OM 'N DORP TE STIG OP GEDEELTE .794 ('N GEDEELTE VAN GEDEELTE 6) VAN DIE PLAAS RANDJESFONTEIN 405-IR, GAUTENG PROVINSIE, GOEDGEKEUR IS.

1. STIGTINGSVOORWAARDES

(1) NAAM

Die naam van die dorp is **Halfway Gardens uitbreiding 133**.

(2) ONTWERP

Die dorp bestaan uit erwe soos aangedui op Algemene Plan **LG Nr. 2609/2008**.

(3) VOORSIENING EN INSTALLERING VAN INGENIEURSDIENSTE

Die dorpseienaar moet die nodige reëlings met die plaaslike bestuur tref vir die voorsiening en installering van alle ingenieursdienste waarvan die plaaslike bestuur die verskaffer is, asook die konstruksie van strate en stormwaterdreinerings in en vir die dorp, tot die tevredenheid van die plaaslike bestuur.

(4) GAUTENG PROVINSIALE REGERING

(a) Indien die ontwikkeling van die dorp nie 'n aanvang neem voor of binne 'n periode van 2/5 jaar vanaf die datum wat toestemming of vrystelling gegee is, moet die aansoek om die dorp te stig, heringedien word by Gauteng Departement van Landbou, Bewaring en Omgewing (Gauteng Provinsiale Regering) vir goedkeuring ingevolge Artikel 28A van die Omgewingsbewaringwet, 1989 (Wet 107 van 1989), soos gewysig

(b) Indien die ontwikkeling van die dorp nie voor 10 jaar voltooi word nie, moet die aansoek om die dorp te stig, heringedien word by die Departement van Paaie en Vervoer vir heroorweging.

(c) Indien omstandighede egter, voor die vervaldatum vermeld in (i) hierbo, tot so 'n mate verander dat paaie en/of PWV roetes onder die beheer van die betrokke Departement deur die beoogde uitleg van die dorp geraak word, moet die dorpseienaar die aansoek herindien vir doeleindes van die nakoming van die vereistes van die beherende liggaam in gevolge die bepalings van Artikel 48 van die Gauteng Vervoerinfrastruktuur Wet, 2001 (Wet 8 van 2001).

(d) Die dorpseienaar sal, voor of gedurende ontwikkeling van die dorp, 'n fisiese versperring oprig wat voldoen aan die vereistes van die betrokke Departement langs die geen toegangsliglyn soos aangetoon op die goedgekeurde uitlegplan van die dorp No HGx133/P1/2013 Die oprigting van sodanige fisiese versperring en die onderhoud daarvan sal gedoen word tot bevrediging van die genoemde Departement.

(e) Die dorpseienaar sal voldoen aan die voorwaardes van die Departement soos uiteengesit in die Departement se brief gedateer 3 Desember 2010.

(5) TOEGANG

(a) Toegang tot of uitgang vanuit die dorp moet voorsien word tot die tevredenheid van die Johannesburg Roads Agentskap (Edms) Bpk.

(6) ONTVANGS EN VERSORGING VAN STORMWATERDREINERING

Die dorpseienaar moet reël dat die stormwaterdreinerings van die dorp inpas by dië van die aangrensende pad/paaie en dat alle stormwater wat van die pad/paaie aflow of afgelei word, ontvang en versorg word.

(7) VULLISVERWYDERING

Die dorpseienaar moet voldoende vullisversamelingspunte in die dorp voorsien en moet reëlings tot tevredeheid van die plaaslike bestuur tref vir die verwydering van alle vullis.

(8) VERWYDERING OF VERVANGING VAN BESTAANDE DIENSTE

Indien dit, as gevolg van die stigting van die dorp, nodig is om enige bestaande munisipale, TELKOM en/of ESKOM dienste te verwyder of te vervang, moet die koste van sodanige verwydering of vervanging deur die dorpseienaar gedra word.

(9) SLOPING VAN GEBOUE EN STRUKTURE

Die dorpseienaar moet op sy/haar eie koste, alle bestaande geboue en strukture wat binne boulynreserwes, kantruimtes of oor gemeenskaplike grense geleë is, laat sloop tot die tevredeheid van die plaaslike bestuur, wanneer daartoe versoek deur die plaaslike bestuur.

(10) BEGIFTIGING

Die dorpseienaar moet (indien van toepassing) ingevolge die bepalings van Artikel 98(2) saamgelees met Regulasie 44 van die Dorpsbeplanning en Dorpe Ordonnansie, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986) 'n globale bedrag as begiftiging aan die plaaslike bestuur betaal vir die voorsiening van grond vir 'n park (openbare oop ruimte).

(11) VERPLIGTINGE TEN OPSIGTE VAN INGENIEURSDIENSTE EN BEPERKING BETREFFENDE DIE VERVREEMDING, OORDRAG, KONSOLIDASIE EN/OF NOTARIËLE VERBINDING VAN ERWE

(a) Die dorpseienaar moet sy eie koste, na proklamasie van die dorp, 'n aansoek by die plaaslike bestuur indien vir toestemming om Erf 1391 en Erf 1392 te konsolideer. Die konsolidasie mag nie geregistreer word, alvorens die plaaslike bestuur aan die Registrateur van Aktes gesertifiseer het dat voldoende waarborge/kontantbydraes ten opsigte van die voorsiening van die ingenieursdienste aan die dorp en die erwe wat gekonsolideer staan te word, aan die plaaslike bestuur gelewer of betaal is.

(b) Die dorpseienaar moet 'n sertifikaat uitgereik deur ESKOM wat bevestig dat aanvaarbare finansiële reëlings met betrekking tot die voorsiening van elektrisiteit, getref is, by die plaaslike bestuur indien. Erwe en/of eenhede in die dorp, mag nie vervreem of oorgedra word in die naam van 'n koper, ook mag 'n Sertifikaat van Geregistreerde Titel nie in naam van die dorpseienaar geregistreer word nie, alvorens die plaaslike bestuur aan die Registrateur van Aktes gesertifiseer het dat sodanige sertifikaat deur ESKOM uitgereik is; en

(c) Die dorpseienaar moet op sy eie koste en tot tevredeheid van die plaaslike bestuur, alle ingenieursdienste binne die grense van die dorp, ontwerp, voorsien en konstrueer, insluitend alle interne paaie en die stormwaterretikulasie. Erwe en/of eenhede in die dorp mag nie vervreem of oorgedra word in die naam van 'n koper, ook mag 'n Sertifikaat van Geregistreerde Titel nie in naam van die dorpseienaar geregistreer word nie, alvorens die plaaslike bestuur aan die Registrateur van Aktes gesertifiseer het dat hierdie ingenieursdienste voorsien en geïnstalleer is; en

(d) Die dorpseienaar moet, binne sodanige tydperk as wat die plaaslike bestuur mag bepaal, sy verpligtinge met betrekking tot die voorsiening van water en sanitêre ingenieursdienste asook die konstruksie van paaie en stormwaterdreinerings en die installering van die stelsels daarvoor, soos vooraf ooreengekom tussen die dorpseienaar en die plaaslike bestuur, nakom. Erwe en/of eenhede in die dorp mag nie vervreem of oorgedra word in die naam van 'n koper, ook mag 'n Sertifikaat van Geregistreerde Titel nie in naam van die dorpseienaar geregistreer word nie, alvorens die plaaslike bestuur aan die Registrateur van Aktes gesertifiseer het dat voldoende waarborge/kontantbydraes ten opsigte van die voorsiening van die ingenieursdienste deur die dorpseienaar, aan die plaaslike bestuur gelewer of betaal is; en

(e) Nieteenstaande die bepalings van klousule 3.(1) hieronder, moet die dorpseienaar op sy/haar eie koste en tot tevredeheid van die plaaslike bestuur, alle serwitute opmeet en registreer om die ingenieursdienste wat voorsien, gebou en/of geïnstalleer is soos beoog in (a) (b) en (c) hierbo, te beskerm. Erwe en/of eenhede in die dorp, mag nie vervreem of oorgedra word in die naam van 'n koper, ook mag 'n Sertifikaat van Geregistreerde Titel nie in naam van die dorpseienaar geregistreer word nie, alvorens die plaaslike bestuur aan die Registrateur van Aktes gesertifiseer het dat hierdie ingenieursdienste beskerm is of sal word, tot tevredeheid van die plaaslike bestuur.

2. BESKIKKING OOR BESTAANDE TITELVOORWAARDES

Alle erwe moet onderworpe gemaak word aan bestaande voorwaardes en serwitute, indien enige.

3. TITELVOORWAARDES**A. Titelvoorwaardes opgelê ten gunste van die plaaslike bestuur ingevolge die bepalings van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986).****(1) ALLE ERWE**

(a) Elke erf is onderworpe aan 'n serwituut 2m breed, ten gunste van die plaaslike bestuur, vir riolerings- en ander munisipale doeleindes, langs enige twee grense, uitgesonderd 'n straatgrens en, in die geval van 'n pypsteelerf, 'n addisionele serwituut vir munisipale doeleindes 2m breed oor die toegangsgedeelte van die erf, indien en wanneer verlang deur die plaaslike bestuur: Met dien verstande dat die plaaslike bestuur van enige sodanige serwituut mag afsien.

(b) Geen gebou of ander struktuur mag binne die voornoemde serwituutgebied opgerig word nie en geen grootwortelbome mag binne die gebied van sodanige serwituut of binne 2m daarvan, geplant word nie.

(c) Die plaaslike bestuur is geregtig om enige materiaal wat deur hom uitgegrawe word tydens die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige rioolhoofpyleidings, en ander werke wat hy volgens goeë dunde noodsaaklik ag, tydelik te plaas op die grond wat aan die voornoemde serwituut grens en voorts sal die plaaslike bestuur geregtig wees tot redelike toegang tot genoemde grond vir die voornoemde doel, onderworpe daaraan dat die plaaslike bestuur enige skade vergoed wat gedurende die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige rioolhoofpyleiding en ander werke veroorsaak word.

(d) Die plaaslike bestuur het die elektrisiteitskapasiteit tot die erwe tot 500 kVA beperk en indien die geregistreerde eienaars van enige van die erwe die kapasiteit oorskry of indien 'n aansoek om sodanige kapasiteit te oorskry, ingedien word by die plaaslike bestuur, sal addisionele elektrisiteitsbydraes soos bepaal deur die plaaslike bestuur, verskuldig en betaalbaar wees aan die plaaslike bestuur deur sodanige eienaars.

H.B. MAKHUBO**Direkteur: Regsadministrasie****Kennisgewing Nr 140/2015****Datum : 4 Maart 2015.**

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 318**PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 100 VAN 2015****JOHANNESBURG STAD, METROPOLITAANSE MUNISIPALITEIT****VERKLARING TOT 'N GOEDGEKEURDE DORP**

Ingevolge Artikel 103 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986), verklaar die Johannesburg Stad, Metropolitaanse Munisipaliteit hierby Aspen Hills Uitbreiding 8 tot 'n goedgekeurde dorp onderworpe aan die voorwaardes uiteengesit in die bygaande bylae.

BYLAE

STAAT VAN VOORWAARDES WAAROP DIE AANSOEK GEDOEN DEUR ASPEN HILLS DEVELOPMENT COMPANY BEPERK REGISTRASIE NOMMER 1988/000083/06 (HIERNA DIE DORPSEIENAAR GENOEM) INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN HOOFSTUK III VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE, 1986 (ORDONNANSIE 15 VAN 1986), OM TOESTEMMING OM 'N DORP TE STIG OP GEDEELTE 122 ('N GEDEELTE VAN GEDEELTE 112) VAN DIE PLAAS RIETVLEI 101, REGISTRASIE AFDELING I.R., PROVINSIE VAN GAUTENG, TOEGESTAAN IS.

1. STIGTINGSVOORWAARDES**(1) NAAM**

Die naam van die dorp is **Aspen Hills Uitbreiding 8**.

(2) ONTWERP

Die dorp bestaan uit erwe en strate soos aangedui op Algemene Plan L.G. Nr. 1943/2014.

(3) VOORSIENING EN INSTALLERING VAN INGENIEURDIENSTE

Die dorpseienaar moet die nodige reëlings met die plaaslike bestuur tref vir die voorsiening en installering van alle ingenieursdienste waarvan die plaaslike bestuur die verskaffer is, asook die konstruksie van strate en stormwaterdreinerings in en vir die dorp, tot die tevredenheid van die plaaslike bestuur.

(4) GAUTENG PROVINSIALE REGERING (DEPARTEMENT VAN LANDBOU EN PLAASLIKE ONTWIKKELING)

Indien die ontwikkeling van die dorp nie binne 'n periode van 2/5 jaar van die datum van hul skrywe in aanvang neem nie, moet die aansoek om die dorp te stig, heringedien word by die Departement van Landbou, Bewaring en Omgewing vir vrystelling/magtiging ingevolge die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, 1998 (Wet 107 van 1998), soos gewysig.

(5) GAUTENG PROVINSIALE REGERING (DEPARTEMENT VAN PAAIE EN VERVOER)

(a) Indien die ontwikkeling van die dorp nie voor 4 Augustus 2018 voltooi word nie, moet die aansoek om die dorp te stig, heringedien word by die Departement van Openbare Vervoer, Paaie en Werke vir kommentaar.

(b) Indien omstandighede egter, voor die vervaldatum vermeld in (a) hierbo, tot so 'n mate verander dat paaie en/of PWV roetes onder die beheer van die betrokke Departement deur die beoogde uitleg van die dorp geraak word, moet die dorpseienaar die aansoek herindien vir doeleindes van die nakoming van die vereistes van die beherende liggaam in gevolge die bepalings van Artikel 48 van die Gauteng Vervoerinfrastruktuur Wet, 2001 (Wet 8 van 2001).

(c) Die dorpseienaar moet voor of tydens ontwikkeling van die dorp, 'n fisiese versperring wat in ooreenstemming is met die vereistes van die Departement, langs die lyne van geen toegang soos aangedui op die goedgekeurde uitlegplan van die dorp, Nr. 01-12631/1 oprig. Die oprigting van sodanige versperring en die instandhouding daarvan, moet tot tevredenheid van die gemelde Departement gedoen word.

(d) Die dorpseienaar moet voldoen aan die vereistes van die Departement soos uiteengesit in die Departement se skrywe gedateer 8 Augustus 2008.

(6) NASIONALE REGERING (DEPARTEMENT: MINERALE HULPBRONNE)

Indien die ontwikkeling van die dorp nie voor 24 Mei 2016 voltooi word nie, moet die aansoek om die dorp te stig, heringedien word by die Departement van Minerale Hulpbronne vir heroorweging.

(7) TOEGANG

Toegang tot of uitgang vanuit die dorp moet voorsien word tot die tevredenheid van die plaaslike bestuur en/of Johannesburg Roads Agency (Edms) Bpk en/of Gauteng Provinsiale Regering (Departement van Paaie en Vervoer).

(8) ONTVANGS EN VERSORGING VAN STORMWATER

Die dorpseienaar moet reël dat die stormwaterdreinerings van die dorp inas by dië van die aangrensende paaie en dat alle stormwater wat van die pad/paaie afloop of afgelei word, ontvang en versorg word.

(9) VULLISVERWYDERING

Die dorpseienaar moet voldoende vullisversamelingspunte in die dorp voorsien en moet reëlings tot tevredenheid van die plaaslike bestuur tref vir die verwydering van alle vullis.

(10) VERSKUIWING OF VERVANGING VAN BESTAANDE DIENSTE

Indien dit as gevolg van die stigting van die dorp nodig word om enige bestaande munisipale, TELKOM of ESKOM dienste te vervang of te verskuif, moet die koste daarvan deur die dorpseienaar gedra word.

(11) SLOPING VAN GEBOUE EN STRUKTURE

Die dorpseienaar moet op eie koste alle bestaande geboue en strukture wat binne boulynreserwes, kant ruimtes of oor gemeenskaplike grense geleë is, laat sloop tot bevrediging van die plaaslike bestuur wanneer die plaaslike bestuur dit vereis.

(12) BEPERKING OP DIE OORDRAG VAN ERWE

Erwe 482, 483 en 484 moet voor of gelyktydig met registrasie van die eerste oordrag van 'n erf in die dorp en op koste van die dorpseienaar, slegs aan Aspen Hills Huiseienaarsvereniging (Registrasie nommer 2003/008436/08) oorgedra word, welke Vereniging volle verantwoordelikheid sal dra vir die funksionering en behoorlike instandhouding van die gemelde erwe en die ingenieursdienste binne die gemelde erwe.

(13) VERANTWOORDELIKHEID TEN OPSIGTE VAN INGENIEURSDIENSTE EN DIE BEPERKING OP DIE VERVREEMDING VAN ERWE, OORDRAG, KONSOLIDASIE EN/OF NOTARIELE VERBINDING VAN ERWE.

(a) Die dorpseienaar moet op sy eie koste en tot tevredenheid van die plaaslike bestuur, alle vullis, bourommel en/of ander materiale vanaf Erwe 482, 483 en 484 verwyder, voor die oordrag daarvan in naam van Aspen Hills Huiseienaarsvereniging (Registrasie nommer 2003/008436/08).

(b) Die dorpseienaar moet, op sy eie koste en tot tevredenheid van die plaaslike bestuur, alle ingenieursdienste binne die grense van die dorp, ontwerp, voorsien en konstrueer, insluitend alle interne paaie en die stormwaterretikulasie. Erwe en/of eenhede in die dorp mag nie vervreem of oorgedra word in die naam van 'n koper ook mag 'n Sertifikaat van Geregistreerde Titel nie in naam van die dorpseienaar geregistreer word nie, alvorens die plaaslike bestuur aan die Registrateur van Aktes gesertifiseer het dat hierdie ingenieursdienste voorsien en geïnstalleer is; en

(c) Die dorpseienaar moet, binne sodanige tydperk as wat die plaaslike bestuur mag bepaal, sy verpligtinge met betrekking tot die voorsiening van elektrisiteit, water en sanitêre ingenieursdienste asook die konstruksie van paaie en stormwaterdreinerings en die installering van die stelsels daarvoor, soos vooraf ooreengekom tussen die dorpseienaar en die plaaslike bestuur, nakom. Erwe in die dorp mag nie vervreem of oorgedra word in die naam van 'n koper ook mag 'n Sertifikaat van Geregistreerde Titel nie in die naam van die dorpseienaar geregistreer word nie, alvorens die plaaslike bestuur aan die Registrateur van Aktes gesertifiseer het dat voldoende waarborge/kontantbydraes ten opsigte van die voorsiening van die ingenieursdienste deur die dorpseienaar, aan die plaaslike bestuur gelewer of betaal is; en

(d) Nieteenstaande die bepalings van klousule 3.A (1)(b) hieronder, moet die dorpseienaar op sy eie koste en tot tevredenheid van die plaaslike bestuur, alle serwitute opmeet en registreer om die ingenieursdienste wat voorsien, gebou en/of geïnstalleer is soos beoog hierbo, te beskerm. Erwe en/of eenhede in die dorp, mag nie vervreem of oorgedra word in die naam van 'n koper ook mag 'n Sertifikaat van Geregistreerde Titel nie in naam van die dorpseienaar geregistreer word nie, alvorens die plaaslike bestuur aan die Registrateur van Aktes gesertifiseer het dat hierdie ingenieursdienste beskerm is of sal word, tot tevredenheid van die plaaslike bestuur.

2. BESKIKKING OOR BESTAANDE TITELVOORWAARDES

Alle erwe moet onderworpe gemaak word aan bestaande voorwaardes en serwitute, indien enige.

A. Uitgesonderd die volgende serwituut wat slegs Erf 482, Erf 483, Erf 484 en Priniaslot raak:

(a) Notariële Akte van Serwituut No. 1094/1939S: Die serwituut geregistreer ten gunste van die Rand Water Raad om water te gelei deur middel van, pyplyne tesame met bykomende regte, soos aangedui op diagram S.G. No. A2465/1939 soos uiteengesit in Voorwaarde B. van Akte van Oordrag T083525/07.

B. Uitgesonderd die volgende voorwaarde wat sal verval op proklamasie van Aspen Hills Uitbreiding 8:

(a) Die beperking wat opgelê is in terme van die Verdeling op Grond Ordonnansie, No. 19 van 1973, om grond te gebruik vir sekere doeleindes soos meer volledig uiteengesit onder Voorwaarde C. van Akte van Oordrag T083525/07.

C. Uitgesonderd die volgende serwituut wat nie die dorp raak nie as gevolg van die ligging daarvan:

(a) Notariële Akte No. 626/1967S: Die gas pyplyn serwituut, wat geregistreer is ten gunste van SASAL, soos meer volledig uiteengesit in Voorwaarde D.(a) op Akte van Oordrag T083525/07.

(b) Notariële Akte van Serwituut No. K1507/1975S: Die serwituut om elektrisiteit te gelei wat geregistreer is ten gunste van ESKOM, soos meer volledig uitgesit in Voorwaarde D.(b) van Akte van Oordrag T083525/07.

D. Uitgesonderd die volgende serwitute wat slegs Erf 484 in die dorp raak:

(a) Notariële Akte van Serwituut No. K2089/05S: Die serwituut om water te vervoer en gelei deur middle van pyplyne wat geregistreer is ten gunste van Rand Water Raad via diagram S.G. No.

8474/2000 soos meer volledig uiteengesit in Voorwaarde E. van Akte van Oordrag T083525/07.

E. Uitgesonderd die volgende serwituut wat slegs Erf 482, Erf 484 en Priniaslot in die dorp raak:

- (a) Notariele Akte van Serwituut No K2088/05S: Die pyplyn serwituut wat geregistreer is ten gunste van die Rand Water Raad via diagram S.G. No. 8472/2000 soos meer volledig uiteengesit in Voorwaarde F. van die Akte van Oordrag T083525/07.

3. TITELVOORWAARDES

A Titelvoorwaardes opgelê deur die plaaslike bestuur kragtens die bepalings van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986)

(1) ALLE ERWE

- (a) Die erwe is geleë in 'n area waar grondtoestande skade aan geboue en strukture kan aanrig. En einde sodanige skade te verminder moet fondasies en ander strukturele elemente van die geboue en strukture ontwerp word deur 'n bevoegde professionele ingenieur en opgerig word onder sy toesig., tensy daar aan die plaaslike bestuur bewys kan word dat sodanige maatreëls onnodig is of dat dieselfde doel op 'n meer effektiewe wyse bereik kan word. Die NHRR kode vir fundamente word geklassifiseer as S-S1/H1/R/P (flood line)

(b) (i) Elke erf is onderworpe aan 'n serwituut 2m breed, ten gunste van die plaaslike bestuur, vir riolerings- en ander munisipale doeleindes, langs enige twee grense, uitgesonderd 'n straatgrens en, in die geval van 'n pypsteelerf, 'n addisionele serwituut vir munisipale doeleindes 2m breed oor die toegangsgedeelte van die erf, indien en wanneer verlang deur die plaaslike bestuur: Met dien verstande dat die plaaslike bestuur van enige sodanige serwituut mag afsien.

(ii) Geen gebou of ander struktuur mag binne die voornoemde serwituutgebied opgerig word nie en geen grootwortelbome mag binne die gebied van sodanige serwituut of binne 2m daarvan, geplant word nie.

(iii) Die plaaslike bestuur is geregtig om enige materiaal wat deur hom uitgegrawe word tydens die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige rioolhoofpyleidings, en ander werke wat hy volgens goeddunke noodsaaklik ag, tydelik te plaas op die grond wat aan die voornoemde serwituut grens en voorts sal die plaaslike bestuur geregtig wees tot redelike toegang tot genoemde grond vir die voornoemde doel, onderworpe daaraan dat die plaaslike bestuur enige skade vergoed wat gedurende die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige rioolhoofpyleiding en ander werke veroorsaak word.

(2) ERF 477 EN 480

Die erwe is onderworpe aan 'n 3m breë riool serwituut ten gunste van die plaaslike bestuur soos aangedui op die Algemene Plan.

(3) ERF 482 EN 484

Die erwe mag nie vervreem of oorgedra word behalwe aan Aspen Hills Huiseienaarsvereniging (Registrasie nr 2003/008436/08), sonder dat die skriftelike toestemming van die plaaslike bestuur eers vooraf verkry is nie.

(3) ERF 483

(a) Die erf is onderworpe aan 'n 2m breë riool serwituut ten gunste van die plaaslike bestuur soos aangedui op die Algemene Plan.

(b) Geen gebou van enige aard, mag binne daardie gedeeltes van die erwe wat waarskynlik

gemiddeld elke 100 jaar deur vloedwaters van 'n publieke stroom, oorstrom sal word, opgerig word nie.

(c) Die erwe mag nie vervreem of oorgedra word behalwe aan Aspen Hills Huiseienaarsvereniging (Registasie nr 2003/008436/08), sonder dat die skriftelike toestemming van die plaaslike bestuur eers vooraf verkry is nie.

B. Titellovoorwaardes opgelê ten gunste van derde partye wat geregistreer /geskep moet word op die eerste registrasie van die betrokke erwe.

Geen erf in die dorp mag oorgedra word, ook mag 'n Sertifikaat van Geregisteerde Titel nie geregistreer word nie, tensy die volgende voorwaardes en/of serwitute geregistreer is:

(1) ALLE ERWE (BEHALWE ERWE 482, 483 EN 484)

Iedere en elke eienaar van die erf of eienaar van enige onderverdeelde gedeelte van die erf, sal tydens oordrag 'n lid word en bly van Aspen Hills Huiseienaarsvereniging (Registasie nr 2003/008436/08) (die Vereeniging) en sal onderworpe wees aan sy Memorandum van Assosiasie tot dat hy/sy ophou om 'n eienaar te wees en sodanige eienaar sal nie daarop geregtig wees om die erf of enige onderverdeelde gedeelte daarvan of enige belang daarin, oor te dra sonder 'n uitklaringssertifikaat van die Vereeniging waarin gesertifiseer word dat die bepalings van die Memorandum van Assosiasie nagekom is en die koper homself/haarself tot die bevrediging van die Assosiasie verbind het om 'n lid van die Assosiasie te word en te bly.

C. Titellovoorwaardes opgelê deur die Departement van Openbare Vervoer, Paaie en Werke (Gauteng Provinsiale Regering) ingevolge die bepalings van die Gauteng Vervoerinfrastruktuur Wet, 2001 (Wet 8 van 2001), soos gewysig:

(1) ERWE 459 TOT 471, Erf 482 EN ERF 483

(a) Die geregisteerde eienaar van die erf, moet die fisiese versperring wat langs die erfrens aangrensend aan Provinsiale Pad PWV 16 opgerig is, tot tevredenheid van die Departement van Openbare Vervoer, Paaie en Werke (Gauteng Provinsiale Regering) instandhou.

(b) Behalwe vir die fisiese versperring waarna in klousule (a) hierbo verwys word, of enige noodsaaklike stormwaterdreineringsstruktuur, mag geen gebou, struktuur of ander ding wat aan die grond geheg is, selfs al vorm dit nie deel van die grond nie, opgerig word nie of sal niks gebou word op of gelê word binne of onder die oppervlakte van die erf binne 'n afstand van minder as 20m (vir enkel verdieping geboue) en 30m (vir dubbelverdieping gebou) vanaf die erfrense aangrensend aan voorgestelde Pad PWV 16. Geen verandering of aanbouing mag aan enige bestaande struktuur of gebou geleë binne die vermelde afstand, gedoen word nie, behalwe met die skriftelike toestemming van die Departement van Openbare Vervoer, Paaie en Werke (Gauteng Provinsiale Regering).

D. Titellovoorwaardes opgelê deur die Departement van Minerale Hulpbronne ingevolge die bepalings van Artikel 68(1) van die Wet op Minerale, 1991 (Wet 50 van 1991) soos gewysig:

(1) ALLE ERWE

(a) Aangesien elke erf deel vorm van 'n gebied wat ondermyn is of mag word en wat vatbaar mag wees vir insinking, grondversakking, skok of kraging as gevolg van vorige, huidige of toekomstige mynbedrywighede, aanvaar die geregisteerde eienaar van elke erf alle aanspreeklikheid vir enige skade daaraan of aan enige struktuur daarop, wat mag voortspruit uit sodanige insinking, grondversakking, skok of kraging.

LOCAL AUTHORITY NOTICE 318**LOCAL AUTHORITY NOTICE 100 OF 2015****CITY OF JOHANNESBURG, METROPOLITAN MUNICIPALITY****DECLARATION AS APPROVED TOWNSHIP**

In terms of Section 103 of the Town Planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986) the City of Johannesburg, Metropolitan Municipality hereby declares Aspen Hills Extension 8 Township to be an approved township subject to the conditions set out in the schedule hereto.

ANNEXURE

STATEMENT OF THE CONDITIONS UNDER WHICH THE APPLICATION MADE BY ASPEN HILLS DEVELOPMENT COMPANY LIMITED (REGISTRATION NUMBER 1988/000083/06) (HEREINAFTER REFERRED TO AS THE TOWNSHIP OWNER) UNDER THE PROVISIONS OF CHAPTER III OF THE TOWN-PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE, 1986 (ORDINANCE 15 OF 1986), FOR PERMISSION TO ESTABLISH A TOWNSHIP ON PORTION 122 (A PORTION OF PORTION 112) OF THE FARM RIETVLEI 101 I.R. HAS BEEN APPROVED.

1. CONDITIONS OF ESTABLISHMENT**(1) NAME**

The name of the township is **Aspen Hills Extension 8**.

(2) DESIGN

The township consists of erven and the streets as indicated on General Plan S.G. No. 1943/2014.

(3) PROVISION AND INSTALLATION OF ENGINEERING SERVICES

The township owner shall make the necessary arrangements with the local authority for the provision and installation of all engineering services of which the local authority is the supplier, as well as the construction of roads and stormwater drainage in and for the township, to the satisfaction of the local authority.

(4) GAUTENG PROVINCIAL GOVERNMENT (DEPARTMENT OF AGRICULTURE AND RURAL DEVELOPMENT)

Should the development of the township not been commenced with, within a period of 2/5 years from date of their letter, the application to establish the township, shall be resubmitted to the Department of Agriculture and Rural Development for exemption/authorisation in terms of the National Environmental Management Act, 1998 (Act 107 of 1998), as amended.

(5) GAUTENG PROVINCIAL GOVERNMENT (DEPARTMENT OF ROADS AND TRANSPORT)

(a) Should the development of the township not been completed before 4 August 2018, the application to establish the township, shall be resubmitted to the Department of Roads and Transport for comments.

(b) If however, before the expiry date mentioned in (a) above, circumstances change in such a way that roads and/or PWV routes under the control of the said Department are affected by the proposed layout of the township, the township owner shall resubmit the application for the purpose of fulfilment of the requirements of the controlling authority in terms of the provisions of Section 48 of the Gauteng Transport Infrastructure Act, 2001 (Act 8 of 2001).

(c) The township owner shall, before or during development of the township, erect a physical barrier which is in compliance with the requirements of the said Department along the lines of no access as indicated on the approved layout plan of the township, No. 01-12631/1. The erection of such physical barrier and the maintenance thereof, shall be done to the satisfaction of the said Department.

(d) The township owner shall comply with the conditions of the Department as set out in the Department's letter dated 8 August 2008.

(6) NATIONAL GOVERNMENT (DEPARTMENT: MINERAL RESOURCES)

Should the development of the township not been completed before 24 May 2016, the application to establish the township, shall be resubmitted to the Department: Mineral Resources for reconsideration.

(7) ACCESS

(a) Access to or egress from the erven in the township shall be provided to the satisfaction of the local authority and/or Johannesburg Roads Agency (Pty) Ltd and/or Gauteng Provincial Government (Department of Roads and Transport).

(8) ACCEPTANCE AND DISPOSAL OF STORMWATER

The township owner shall arrange for the stormwater drainage of the township to fit in with that of the adjacent roads and for all stormwater running off or being diverted from the roads to be received and disposed of.

(9) REFUSE REMOVAL

The township owner shall provide sufficient refuse collection points in the township and shall make arrangements to the satisfaction of the local authority for the removal of all refuse.

(10) REMOVAL OR REPLACEMENT OF EXISTING SERVICES

If, by reason of the establishment of the township, it should be necessary to remove or replace any existing municipal, TELKOM or ESKOM services, the cost thereof shall be borne by the township owner.

(11) DEMOLITION OF BUILDINGS AND STRUCTURES

The township owner shall at its own costs cause all existing buildings and structures situated within the building line reserves, side spaces or over common boundaries to be demolished to the satisfaction of the local authority, when required by the local authority to do so.

(12) RESTRICTION ON THE TRANSFER OF ERVEN

Erven 482, 483 and 484 shall, prior to or simultaneously with registration of the first transfer of an erf in the township and at the costs of the township owner, be transferred only to Aspen Hills Home Owners Association (Registration number 2003/008436/08) which Association shall have full responsibility for the functioning and proper maintenance of the said erven and the engineering services within the said erven.

(13) OBLIGATIONS WITH REGARD TO ENGINEERING SERVICES AND RESTRICTION REGARDING THE ALIENATION, TRANSFER, CONSOLIDATION AND/OR NOTARIAL TIE OF ERVEN

(a) The township owner shall at its own costs and to the satisfaction of the local authority, remove all refuse, building rubble and/or other materials from Erven 482, 483 and 484, prior to the transfer of the erven in the name of Aspen Hills Home Owners Association (Registration number 2003/008436/08).

(b) The township owner shall, at its own costs and to the satisfaction of the local authority, design, provide and construct all engineering services including the internal roads and the stormwater reticulation, within the boundaries of the township. Erven in the township, may not be alienated or transferred into the name of a purchaser neither shall a Certificate of Registered Title be registered in the name of the township owner, prior to the local authority certifying to the Registrar of Deeds that these engineering services had been provided and installed; and

(c) The township owner shall, within such period as the local authority may determine, fulfil its obligations in respect of the provision of electricity, water and sanitary services as well as the construction of roads and stormwater drainage and the installation of systems therefor, as previously agreed upon between the township owner and the local authority. Erven in the township, may not be alienated or transferred into the name of a purchaser neither shall a Certificate of Registered Title be registered in the name of the township owner, prior to the local authority certifying to the Registrar of Deeds that sufficient guarantees/cash contributions in respect of the supply of engineering services by the township owner, have been submitted or paid to the said local authority; and

(d) Notwithstanding the provisions of clause 4.A (1) (b) hereunder, the township owner shall, at its own costs and to the satisfaction of the local authority, survey and register all servitudes required to protect the engineering services provided, constructed and/or installed as contemplated above. Erven in the township, may not be alienated or transferred into the name of a purchaser neither shall a Certificate of Registered Title be registered in the name of the township owner, prior to the local authority certifying to the Registrar of Deeds that these engineering services had been or will be protected to the satisfaction of the local authority.

2. DISPOSAL OF EXISTING CONDITIONS OF TITLE

All erven shall be made subject to existing conditions and servitudes, if any:-

A. Excluding the following servitude which only affects Erf 482, Erf 483, Erf 484 and Prinia Close:

(a) *Notarial Deed of Servitude No. 1094/1939S: The servitude to convey and transmit water by means of pipelines together with ancillary rights, registered in favour of the Rand Water Board vide diagram S.G. No. A2465/1939 as more fully set out in Condition B. of Deed of Transfer T083525/07.*

B. Excluding the following condition which shall lapse on proclamation of Aspen Hills Extension 8:

(a) *The restriction imposed in terms of the Division of Land Ordinance, No. 19 of 1973, to use the land for certain purposes as more fully set out in Condition C. of Deed of Transfer T083525/07.*

C. Excluding the following servitudes which do not affect the township, due to the location thereof:

(a) *Notarial Deed No. 626/1967S: The gas pipeline servitude, registered in favour of SASOL, as more fully set out in Condition D.(a) of Deed of Transfer T083525/07.*

(b) *Notarial Deed of Servitude No. K1507/1975S: The servitude to convey electricity registered in favour of ESKOM, as more fully set out in Condition D.(b) of Deed of Transfer T083525/07.*

D. Excluding the following servitude which only affects Erf 484 in the township:

(a) *Notarial Deed of Servitude No. K2089/05S: The servitude to convey and transmit water by means of pipelines registered in favour of the Rand Water Board vide diagram S.G. No. 8474/2000 as more fully set out in Condition E. of Deed of Transfer T083525/07.*

E. Excluding the following servitude which only affects Erf 482, Erf 484 and Prinia Close in the township:

- (a) *Notarial Deed of Servitude No. K2088/05S: The pipeline servitude registered in favour of the Rand Water Board vide diagram S.G. No. 8472/2000 as more fully set out in Condition F. of Deed of Transfer T083525/07.*

3. CONDITIONS OF TITLE

A. Conditions of Title imposed in favour of the local authority in terms of the provisions of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986):

(1) ALL ERVEN

(a) The erven lie in an area with soil conditions that can cause serious damage to buildings and structures. In order to limit such damage, foundations and other structural elements of the buildings and structures must be designed by a competent professional engineer and erected under his supervision unless it can be proved to the local authority that such measures are unnecessary or that the same purpose can be achieved by other more effective means. The NHBRC coding for foundations is classified as S-S1/H1/R/P (flood line).

(b) (i) Each erf is subject to a servitude, 2m wide, in favour of the local authority, for sewerage and other municipal purposes, along any two boundaries other than a street boundary and in the case of a panhandle erf, an additional servitude for municipal purposes 2m wide across the access portion of the erf, if and when required by the local authority: Provided that the local authority may dispense with any such servitude.

(ii) No building or other structure shall be erected within the aforesaid servitude area and no large rooted trees shall be planted within the area of such servitude or within 2m thereof.

(iii) The local authority shall be entitled to deposit temporarily on the land adjoining the aforesaid servitude such material as may be excavated by it during the process of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works as it, in its discretion may deem necessary and shall further be entitled to reasonable access to the said land for the aforesaid purpose subject to any damage done during the process of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works being made good by the local authority.

(2) ERVEN 477 AND 480

The erven are each subject to a 3m wide sewer servitude in favour of the local authority as indicated on the General Plan.

(3) ERVEN 482 AND 484

The erven shall not be alienated or transferred into the name of any purchaser other than Aspen Hills Home Owners Association (Registration number 2003/008436/08), without the written consent of the local authority first having been obtained.

(4) ERF 483

(a) The erf is subject to a 2m wide sewer servitude in favour of the local authority as indicated on the General Plan.

(b) No building of any nature shall be erected within those portions of the erf which are likely to be inundated by the floodwaters of a public stream on an average every 100 years.

(c) The erf shall not be alienated or transferred into the name of any purchaser other than Aspen Hills Home Owners Association (Registration number 2003/008436/08), without the written consent of the local authority first having been obtained.

B. Conditions of Title imposed in favour of third parties to be registered/created on the first registration of the erven concerned.

No erf in the township shall be transferred nor shall a Certificate of Registered Title be registered, unless the following conditions and/or servitudes have been registered:

- (1) ALL ERVEN (EXCEPT ERVEN 482, 483 AND 484)

Each and every owner of the erf or owner of any sub-divided portion of the erf, shall on transfer become and remain a member of Aspen Hills Home Owners Association (Registration number 2003/008436/08) ("the Association") and shall be subject to its Memorandum of Incorporation until he/she ceases to be an owner and such owner shall not be entitled to transfer the erf or any sub divided portion thereof or any interest therein, without a clearance certificate from such Association certifying that the provisions of the Memorandum of Incorporation have been complied with and the purchaser has bound himself/herself to the satisfaction of the Association to become and remain a member of the Association.

C. Conditions of Title imposed by the Department of Roads and Transport (Gauteng Provincial Government) in terms of the Gauteng Transport Infrastructure Act, 2001 (Act 8 of 2001), as amended.

- (1) ERVEN 459 TO 471, ERF 482 AND ERF 483

(a) The registered owner of the erven shall maintain, to the satisfaction of the Department of Roads and Transport (Gauteng Provincial Government), the physical barrier erected along the erven boundaries abutting proposed Provincial Road PWV 16.

(b) Except for the physical barrier referred to in clause (a) above or any essential stormwater drainage structure, no building, structure or other thing which is attached to the land, even though it does not form part of that land, shall be erected neither shall anything be constructed or laid under or below the surface of any of the erven within a distance less than 20m (for single storey buildings) or less than 30m (for multiple storey buildings), from the boundaries of the erven abutting proposed Road PWV 16 neither shall any alteration or addition to any existing structure or building situated within such distance of the said boundaries be made, except with the written consent of the Department of Roads and Transport (Gauteng Provincial Government).

D. Conditions of Title imposed by the Department: Mineral Resources in terms of Section 68 (1) of the Mineral Act, 1991 (Act 50 of 1991) as amended:

- (1) ALL ERVEN

(a) As each erf forms part of land which may be undermined and which may be liable to subsidence, settlement, shock and cracking due to mining operations in the future, the registered owner of each erf accepts all liability for any damage thereto and to any structure thereon which may result from such subsidence, settlement, shock or cracking.

LOCAL AUTHORITY NOTICE 319**LOCAL AUTHORITY NOTICE 100 OF 2015****JOHANNESBURG TOWN PLANNING SCHEME, 1979: AMENDMENT SCHEME 01-12631**

The City of Johannesburg Metropolitan Municipality herewith in terms of the provisions of section 125(1)(a) of the Town Planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986), declares that it has approved an amendment scheme being an amendment of the Johannesburg Town Planning Scheme, 1979, comprising the same land as included in the township of Aspen Hills Extension 8. Map 3 and the scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Executive Director: Department Development Planning: City of Johannesburg and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Amendment Scheme 01-12631

XXXXXXXXXXXXXXXXXXXX

Deputy Director: Legal Administration

City of Johannesburg Metropolitan Municipality

Notice No.100/2015

Date: 4 March 2015

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 319**PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 100 VAN 2015****JOHANNESBURG DORPSBEPLANNINGSKEMA, 1979: WYSIGINGSKEMA 01-12631**

Die Stad van Johannesburg Metropolitaanse Munisipaliteit verklaar hiermee ingevolge die bepalings van artikel 125(1)(a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986), dat dit 'n wysigingskema synde 'n wysiging van die Johannesburg Dorpsbeplanningskema, 1979, wat uit dieselfde grond as die dorp Aspen Hills Uitbreiding 8 bestaan, goedgekeur het. Kaart 3 en die skemaklousules van die wysigingskema word in bewaring gehou deur die Uitvoerende Direkteur: Departement Ontwikkelingsbeplanning: Stad van Johannesburg en is beskikbaar vir inspeksie op alle redelike tye.

Hierdie wysiging staan bekend as Wysigingskema 01-12631

XXXXXXXXXXXXXXXXXXXX

Adjunk Direkteur: Regsadministrasie

Stad van Johannesburg Metropolitaanse Munisipaliteit

Kennisgewing Nr 100/2015

Datum: 4 Maart 2015

LOCAL AUTHORITY NOTICE 286

GAUTENG REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1996

Notice is hereby given in terms of section 6 (8) of the Gauteng Removal of Restrictions Act, 1996 (Act 3 of 1996), as amended, that the City of Johannesburg Metropolitan Municipality has approved the following in respect of the Remaining Extent of Erf 372, Buccleuch:

(1) The removal of Conditions 2 (d), 2 (g), 2 (h), 2 (i), 3 (b) and 3 (c) from Deed of Transfer T163772/2007.

(2) The amendment of the Sandton Town-planning Scheme, 1980, by the rezoning of the erf from "Residential 1" to "Residential 2" with a density of 20 dwelling units per hectare, subject to certain conditions as indicated in the approved application.

The amendment scheme is filed with the Executive Director: Development Planning, 158 Civic Boulevard, Metropolitan Centre, A Block, 8th Floor, Braamfontein, 2017, and is open for inspection at all reasonable times.

Amendment Scheme 13-9351 will come into operation on the date of publication hereof.

HECTOR BHEKI MAKHUBO, Deputy Director: Legal Administration

City of Johannesburg Metropolitan Municipality

Notice No. 139/2015

Date: 4 February 2015

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 286

GAUTENG OPHEFFING VAN BEPERKINGS WET, 1996

Kennis word hiermee gegee ingevolge artikel 6 (8) van die Gauteng Opheffing van Beperkings Wet, 1996 (Wet 3 van 1996), soos gewysig, dat die Stad van Johannesburg Metropolitaanse Munisipaliteit die volgende ten opsigte van die Restant van Erf 372, Buccleuch, goedgekeur het:

(1) Die opheffing van Voorwaardes 2 (d), 2 (g), 2 (h), 2 (i), 3 (b) en 3 (c) vanuit Akte van Transport T163772/2007.

(2) Die wysiging van die Sandton-dorpsbeplanningskema, 1980, deur die hersonering van die erwe vanaf "Residensieel 1" na "Residensieel 2" met 'n digtheid van 20 wooneenhede per hektaar, onderworpe aan sekere voorwaardes soos aangedui in die goedgekeurde aansoek.

Die wysigingskema word in bewaring gehou deur die Uitvoerende Direkteur: Ontwikkelingsbeplanning, Civic Boulevard 158, Metropolitaanse Sentrum, A Blok, 8ste Vloer, Braamfontein, 2017, en is beskikbaar vir inspeksie te alle redelike tye.

Wysigingskema 13-9351 sal in werking tree op die datum van publikasie hiervan.

HECTOR BHEKI MAKHUBO, Adjunk Direkteur: Regsadministrasie

Stad van Johannesburg Metropolitaanse Munisipaliteit

Kennisgewing No. 139/2015

Datum: 04-02-2015

LOCAL AUTHORITY NOTICE 287

CITY OF JOHANNESBURG

REMOVAL OF RESTRICTIVE ACT, 1996 (ACT No. 3 OF 1996)

NOTICE No. 010 OF 2015

It is hereby notified in terms of section 6 (8) of the Gauteng Removal of Restrictions Act, 1996, that the City of Johannesburg has approved that:

(1) Conditions A (e), A (k), A (p), A (q) (i), A (q) (ii), A (r) and A (t) from Deed of Transfer T60996/2010 in respect of the Remainder of Erf 818, Bryanston, be removed; and

(2) Sandton Town-planning Scheme, 1980, be amended by the rezoning of the Remainder of Erf 818, Bryanston, from "Residential 1" with a density of one dwelling unit per erf to "Business 4", subject to certain conditions, which amendment scheme will be known as Johannesburg Amendment Scheme 13-12062 as indicated on the approved application which are open for inspection at the office of the Executive Director: Development Planning, 158 Civic Boulevard, Braamfontein, 8th Floor, A Block, Civic Centre, and are open for inspection at all reasonable times.

(3) Sandton Amendment Scheme 13-12062 will come into operation on the 4 March 2015.

Executive Director: Development Planning, Transportation and Environment

Date: 4 February 2015.

Notice No. 010/2015

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 287**STAD VAN JOHANNESBURG**

GAUTENG WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1996 (WET No. 3 VAN 1996)

KENNISGEWING 010 VAN 2015

Hierby word ingevolge van artikel 6 (8) van die Gauteng Wet op Opheffing van Beperkings, 1996, bekendgemaak dat die Stad van Johannesburg goedgekeur het dat:

(1) Voorwaardes A (e), A (k), A (p), A (q) (i), A (q) (ii), A (r) en A (t) van Akte van Transport T60996/2010 met betrekking tot die Restant van Erf 818, Bryanston, opgehef word; en

